

9 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 90
Fokusgedeelte: Psalm 90:14

God se nuwe dag begin in Jesus Christus

Klein voor God. Seergeskaaf as jy na jouself kyk? Só nietig en onaansienlik, só broos en verganklik.

Dit leef ook in Moses, die man van God, die middelaar van die Ou Testament, se gemoed as hy God se kronkelpad deur die woestyn bedink, die pad met sy uitverkore volk. Die opstandige, verwykende kerk wie se lidmate moet sterf om die gelouterdes by hulle bestemming te bring. Voor sy oog is aan die een kant die ewige God en aan die ander kant die verganklike, kortstondige mens. Die mens wat homself in die kleed van verganklikheid toegewikkel het sodat die uitnemendste jaar van die ouderdom nie troos vir 'n beter môre bring nie. Voor die nietige mens troon die ewige God wat die sonde nie verskoon nie, maar sy toorn daarvoor wek.

Om in die gebed te tree tot God, tot Hom as Verbondsgod, is die enigste genade. Sy beloffes is ewig soos Hy. In sy vergiffenis lê 'n nuwe môre. 'n Oorbegyn, 'n nuwe dag van genade. God se nuwe dag begin in Jesus Christus, die Silo waaroor Moses elders skryf, die nuwe volmaakte Middelaar! Deur sy Gees werk Hy die skoonmaakvreug. Dit wat jou gedagte, woord en daad nuwe gestalte gee sodat jou toegemete tyd in jou geloofswerke spore trap vir vandag.

Is daardie pad na 'n nuwe môre vir jou uitgetrap? Ken jy die pad na jou knieë toe? Ken jy jou verslae hart? Is jou menswees klein voor God, met Hom as jou enigste Toevlug? Verbly jou, omdat die Heilige Gees jou in Jesus se opstanding op 'n nuwe môre vir 'n nuwe dag wys!

Sing: Psalm 90:1 en 9 (Totius)

Ds SD de Kock (Potchefstroom-Suid)